# Afrikaans EAT GR 12 Poësie

## Ek het 'n huisie by die see H.A.Fagan

1 Ek het 'n huisie by die see. Dis nag
2 Ek hoor aaneen, aaneen die golwe slaan
3 teenaan die rots waarop my huisie staan
4 met al die oseaan se woeste krag.
5 Ek hoor die winde huil – 'n kreun, 'n klag,
6 soos van verlore siele in hul nood
7 al dwalend, klagend, wat in graf en dood
8 geen rus kon vind, maar soek en smag.

9 My vuurtjie brand, my kersie gee sy lig.
10 Ek hoor dan maar hoe loei die storm daarbuite,
11 ek hoor hoe ruk die winde aan my ruite;
12 hierbinne is dit veilig, warm en dig.

13 Kom nag, kom weer en wind, kom oseaan –
14 Dit is die rots waarop my huisie staan.

*Engelse sonnet – gedig bestaan uit 14 versreëls. Deurlopende stroom van gedagtes sluit af in twee rymende slotreëls (koeplet)*

*Rymskema :- abba/cddc/effe/gg Reëls 1 en 8 en 9 en 12 staan direk in verbinding met mekaar.*

# Afrikaans EAT  GR 12 Poësie

**Ek het 'n huisie by die see**

***Die spreker is baie lief vir sy "huisie" , daarom word die verkleiningsvorm van die woord huis gebruik.***




**Wat sou jy sê is die belangrikste vereiste waaraan 'n huis moet voldoen?**

**Dis reg ! Jy moet VEILIG voel as jy in die huis bly. Dink jy die spreker het regtig baie veilig gevoel in sy huisie? Motiveer.**

# Afrikaans EAT GR 12 Poësie





*sintuig (hoor)*

1 Ek het 'n huisie by die see. Dis nag
2 Ek hoor aaneen, aaneen die golwe slaan
3 teenaan die rots waarop my huisie staan

*Herhaling (aneen) – die aanhoudende ritmiese slaan van die golwe teenaan die rots.*

*Slegs 2 woorde alleen geplaas > beklemtoning van onvoorspelbaarheid. Geen punt na kort sin om vloeiendheid van dit wat gaan volg te beklemtoon.*

# Afrikaans EAT GR 12 Poësie

*fierce*

kreun = groan

4 met al die oseaan se woeste krag
5 Ek hoor die winde huil – 'n kreun, 'n klag,
6 soos van verlore siele in hul nood
1 al dwalend, klagend, wat in graf en dood
2 geen rus kon vind, maar soek en smag.

*metafoor*

*Vergelyking > die winde wat huil klink soos verlore (lost) siele (soles) in hul nood (in distress)*

alliterasie



# Afrikaans EAT  GR 12 Poësie



*klanknabootsing*

My vuurtjie brand, my kersie gee sy lig.
Ek hoor dan maar hoe loei die storm daarbuite,
ek hoor hoe ruk die winde aan my ruite;
hierbinne is dit veilig, warm en dig.







# Afrikaans EAT  GR 12 Poësie

uitnodiging

Kom nag, kom weer en wind, kom oseaan –
Dit is die rots waarop my huisie staan.

